

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Meeding v Hoer Tegniese Skool Sasolburg (A134/2011) [2012] ZAFSHC 137 (2 August 2012)

[2012] ZAFSHC 137

COURT

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Hancke, Jordaan

CASE / FILE NUMBER

A134/2011

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Appèl Nr. : A134/2011

In die appèl tussen:-

M M MEEDINGApplikant

en

Hoër TEGNIESE SKOOL SALSOBURGRespondent

CORAM: HANCKE, WND RP et JORDAAN, R

AANGEHOOR: IN KAMERS

UITSPRAAK DEUR: JORDAAN, R

GELEWER OP: 2 AUGUSTUS 2012

[1] Die applikant doen aansoek om verlof om te appelleer na die Hoogste Hof van Appèl teen 'n uitspraak gegee deur hierdie hof op appèl vanaf die Landdroshof.

- [2] Na ontvangs van die aansoek is die partye versoek om, ooreenkomstig die dicta vervat in paragraaf 3 van die uitspraak in die saak, LAW SOCIETY, NORTHERN PROVINCES v MOGAMI 2010 (1) 186 (SCA), skriftelike betoogshoofde in te dien sodat die aansoek in kamers besleg kan word en is die partye uitgenooi om, indien hulle daarteen beswaar het, hierdie hof sodanig in kennis te stel. Beide partye het klaarblyklik daarin berus en het skriftelike betoogshoofde geliasseer.
- [3] Wat die agtergrondsfeite onderliggende aan die saak betref blyk dit volledig uit die uitspraak deur hierdie hof gelewer in die voormelde appèl en is dit nie nodig om dit weer te herhaal nie.
- [4] Die gronde van die huidige aansoek kom in breë ooreen met die gronde waarop gesteun is tydens die appèl. In besonder is baie sterk gesteun op die uitspraak in FISHOEK PRIMARY SCHOOL v GW 2010 (2) SA 141 (SCA) vir die argument dat die huidige applikant as die moeder van die kind ten opsigte waarvan skoolfooie gevorder is, synde geskei van die vader van die betrokke kind en in terme van welke egskeidingsbevel die vader gelas is om skoolfooie te betaal, nie aanspreeklik is vir betaling sodanige fooie nie en daarvan vrygestel is. Dit is ook voorts ge-argumenteer dat hierdie hof sowel as die hof van eerste instansie fouteer het deur te bevind dat die applikant en haar vorige eggenoot gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik is vir sodanige skoolfooie.
- [5] Ek ag dit nie nodig om weer volledig te handel met elk van die argumente wat tans asook in die hof tydens die appèl ge-argumenteer is nie. Die enigste vraag wat nou ter sprake is, is die vraag of daar 'n redelike vooruitsig bestaan dat 'n ander hof tot 'n ander bevinding sal geraak op enige van voormelde gronde.
- [6] Ek is oortuig dat die appèl sowel as hierdie aansoek berus op 'n totale waninterpretasie van die dicta en bevindinge in laasgemelde beslissing. Na heroorweging van al voormelde argumente is ek nie alleen nie oortuig dat 'n ander hof nie tot 'n ander bevinding sal raak nie maar inderdaad tot die teendeel oortuig. In die lig daarvan is daar myns insiens geen vooruitsigte op sukses in 'n voorgenome verdere appèl nie en moet die aansoek afgewys word met koste.
- [7] Wat ontstellend is, is die feit dat die applikant aanvanklik aangespreek was vir betaling van skoolfooie in die bedrag van R3 600,00. Hierdie vordering is deur haar bestry en het uitgeloop op 'n volle verhoor waarin sy uiteindelik onsuksesvol was. As gevolg van haar onsuksesvolle verdediging van die saak is sy gelas om die koste van die verhoor te betaal. Weens die feit dat daar ge-appelleer is teen daardie bevel is verdere koste opgeloopt en was die appèl weer eens onsuksesvol en die applikante weer eens gelas om die koste van die onsuksesvolle appèl te betaal. Daarna het hierdie aansoek gevolg wat uit die aard van die saak verdere koste teweegbring. Dit is tans onbekend of dit weens die applikante se eie volhardende opposisie tot die eis was dat al hierdie stappe geneem is of, alternatiewelik, sy gehandel het op regsadvies van haar regsvertegenwoordiger(s). Indien laasgenoemde die geval is, is ek van mening dat die applikante belas is met die aanspreeklikheid van nie net

die skoolfooie nie maar ook die
addisionele koste wat deur die vorige prosesse opgeloop is tot op hede. Myns insiens is die
waninterpretasie van die Fishoek-beslissing

sodanig klaarblyklik foutief dat daar redelikerwys ge-argumenteer kan word die advies daarop
gebaseer duidelik foutief was tot nadeel van die applikante. Die moontlikheid bestaan derhalwe
dat die applikante weens duidelike foutiewe advies tot haar nadeel in die litigasie betrokke geraak
het en die verskeie koste bevele teen haar opgeloop het. Die applikante self is klaarblyklik 'n leek
en sou nie noodwendig bewus wees van die implikasies van die voortsetting van hierdie
verrigtinge tot op hierdie stadium nie. In die lig daarvan is ek van mening dat die applikante ten
minste bewus gemaak word van die uitspraak van hierdie hof gegee op appèl sowel as van hierdie
uitspraak ten einde haar posisie te oorweeg en die nodige stappe te neem indien so ge-adviseer.

[8] In die lig van die voormelde is ek van mening dat die volgende bevele verleen behoort te
word:

8.1 Hierdie uitspraak sowel as die uitspraak van hierdie Hof gegee op appèl moet deur die
prokureurs vir die applikante deur middel van die balju persoonlik op die applikante beteken
word en bewys van sodanige betekening moet sonder versuim voorgelê

word aan hierdie agbare hof binne 'n redelike tyd.

8.2 Die aansoek om verlof om te appèlleer word afgewys met koste.

A.F. JORDAAN, R

Ek stem saam.

S. P. B. HANCKE, WND RP

Namens die appellant: Adv. C. D. Roux

In opdrag van:

R C Christie Incorporated Attorney

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. P G Leeuwner

Naudes

/eb

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2012/137.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/meeding-v-hoer-unknown-topic-afshc-2012>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria